DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG

# Die Basuin



Predikant: Ds. S.P. Venter

Pastorie: 015 296 1840

Sel: 082 809 0222

Epos: sarel.pventer@gmail.com

*Eredienste* begin *09:30*

**17 September 2023**

**EREDIENS** Ds. Sarel Venter

**Skriflesing** Psalm 103 en Efesiërs 3: 14 - 21

**Tema** *God se oneindige liefde vergestalt in die sakrament van die Nagmaal*

**Sang**

Skrifberyming 1-1: 3, 5
Skrifberyming 12-3: 1, 2
Psalm 130: 2, 4
Skrifberyming 15-1: 2, 4, 5
Psalm 23:3
Psalm 116: 1, 7
Psalm 116: 10
Skrigfberyming 10-2

Psalm 103 spreek op 'n besondere treffende wyse van die gelowige se belewenis van God se goedheid en liefde. Die psalm wil aan gelowiges voorhou hoe God geloof moet word en waarom Hy geloof moet word. Lof word aan God gebring vir wie Hy is en vir wat Hy doen. God se karakter sowel as sy dade word voorgehou as motivering vir lofprysing.

Dit is egter belangrik om daarop te let dat die lof van Psalm 103 gebore is uit die swaarkry van die lewe. Daar word nie "goedkoop" lof aan God gebring nie. Dit is slegs iemand wat in nood verkeer het en deur God gered is wat Hom op hierdie wyse kan loof. Gelowiges se ervaring van die lewe is dat dit dikwels 'n pad is wat deur donker dieptes gaan voordat daar op 'n plek gekom word waar daar uitbundige lof aan die Here gebring word. Anders as wat die sogenaamde voorspoedsteologie leer, stap gelowiges vandag 'n pad met God wat soms wye draaie maak, 'n pad wat nie altyd met rose besaai is nie, 'n pad waar die bitter beker van pyn en smart, siekte en stryd, tot op die laaste druppel geledig moet word.

Paulus bid innig vir die gemeente in Efese: Here, laat ons in die atmosfeer van liefde ons wortels inslaan sodat ons liefde kan opsuig in ons bestaan – dié liefde van die Vader wat so groot is dat Hy sy Seun aan ons gegee het. Leer ons hoe omvattend Christus se liefde is. En dan die ernstige: Vervul ons met u volheid. Laat ons vervul word met u Heilige Gees, sodat ons u beeld in alles kan uitstraal. Wie só bid, mag weet dat God ons veel meer sal gee as wat ons bid of dink.

## OOG VIR MEKAAR




* Ons bid vir Brenda Koekemoer wat 'n prosedure aan haar neus en skouer ondergaan het. Seën met die hersteltyd wat wag.
* Ons is dankbaar dat ons mede broers en susters wat onder die mes was, stadig maar seker gesond word.
* Ons bly bid vir Petra, Hannes en familie met haar versorging.
* Ons bid almal wat op vakansie gaan 'n voorspoedige rit en lekker rus toe.
* Baie dankie aan ons susters vir die kos wat hulle vir die Klassis voorberei het. Ons het dit terdeë geniet.
* Odette Scrooby Joubert bedank ons suters vir die uitnodiging en die pragtige oggend wat sy saam met julle kon geniet. Baie dankie vir die wonderlike oggend wat julle aangebied het.
* Ons vra voorbidding vir volgende naweek se gemeentekamp en kuier. Die tema is: Wie is die Heilige Gees en wat doen Hy?

## KONSISTORIEDIENSBEURTE 17 Sept 2023

**Diensbeurt:** Wyk 7
**Ouderling:** Danie Combrink
**Katkisasie:** Geen katkesasie
**Diaken:** Roelof Venter

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

**Eredienste begin 09:30**

## TEE EN KOFFIE KUIERTYD




**Die susters nooi almal hartlik uit om na die erediens 'n heerlike koppie koffie of tee saam met ons te kom geniet.**

## DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| (Ma) 18 Sept | 18:00 | *Kerk* | Finanskommissie |
| (Di) 19 Sept | Neem asb | *kennis dat daar* | geen Bybelstudie is nie. |
| (Di) 19 Sept | 10:00 | *Feesterrein* | Silwerdoppers |
| (Wo) 20 Sept | 18:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| (Vi) 22—25 Sept | Gemeente | *kamp by* | Mahuto Lodge |




# KALENDER




| *Verjaarsdae* | | | | |
|---|---|---|---|---|
| *Datum* | *Naam* | *Ouderdom* | *Belydend / Doop* | *Sel/Tel no.* |
| (Ma) 18 Sept | *Magda Burger ** <br> Marnes Roux <br> Nina Combrink | *72* <br> 26 <br> 6 | B <br> B <br> D | 071 376 9276 <br> 078 124 0964 <br> 073 318 8142 |
| (Di) 19 Sept | *Rina Buys *** | *88* | B | 083 249 6911 |
| (Wo) 20 Sept | Zani Prinsloo | 56 | B | 083 255 9390 |
| (Do) 21 Sept | Carina Venter | 56 | B | 074 956 0610 |
| (Vr) 22 Sept | Theuns Loots <br> Pieter Jongbloed | 66 <br> 6 | B <br> D | 071 851 3149 <br> 082 575 9143 |
| (Sa) 23 Sept | Phillip Snyman <br> Leila Hoogendyk | 63 <br> 13 | B <br> D | 083 463 1134 <br> 066 240 3118 |

| Huweliksherdenkings | | | |
|---|---|---|---|
| Huweliksdatum | Lidmate | Jare Getroud | Sel/Tel no. |
| (Di) 19 Sept 2020 | Piet & Theunet Kruger | 3 | 072 502 1587 <br> 082 899 4317 |
| (Wo) 20 Sept 2008 | Jaco & Mariza Pelser | 15 | 079 739 8086 <br> 063 161 5815 |

**Want so dikwels as wat julle hierdie brood eet en uit hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here, totdat Hy kom.**

**1 Korinthiërs 11: 26**

## KOLLEKTES

**Kollektes September 2023**

**Tydends erediens:**

**Diakonale Sorg**



**Na erediens (By die deure):**
**Spesiale Fondse :**
~~**10 Sept Emeritaatsversorging**~~
**17 Sept GKSA Sustentasie Fonds**
**24 Sept Teologiese Studentekas**

**"n Volledige lys van verpligte asook vrywillige kollektes vir 2023 tot 2025 is op die kennisgewingbord agter in die portaal beskikbaar.**

## STAP VIR BYBELS




## MOEDERSKAMERS

**Lidmate word vriendelik versoek om asb nie van die moederskamers gebruik te maak as hulle nie baba's of kleuters het nie.**

**Die moederskamer by die badkamers is uitsluitlik vir moeders met kleinbaba's en die moederskamer (konsistorie) is vir moeders met kleuters.**

**Ons vra asb dat lidmate sal saamwerk en eerder in die kerk gaan sit en nie in die moederskamers nie. Baie dankie.**



# DIAKONALE KERSMARK




**Die diakonie beplan om weer ‘n Kersmark te hou op Saterdag 18 November 2023 by die kerk.**

**Ons weet dat die gemeente soos in die verlede OOK die projek sal ondersteun, en daarom vra ons almal se hulp om die projek te ondersteun.**

**Lidmate kan skenkings gee van:**

- **Ou klere,**
- **Bestanddele vir die bak van vrugtekoeke, klein koekies, beskuit ens,**
- **Pannekoekbestanddele soos meel, eiers en olie, suiker, kaneel ens,**
- **Handgemaakte items vir kersgeskenke,**
- **Ingemaakte produkte soos konfyt, vrugte ens.**

**Lidmate en ander persone wat stalletjies wil behartig vir die dag is welkom. Die stalletjie sal jou slegs R200.00 uit die sak jaag, ‘n “bargain” soos min.**

**Vir meer inligting en skenkings, kontak asseblief vir Daleen op 079 490 2678.**

**Moet nie die datum vergeet nie , teken dit nou al aan op jou kalender !!!!!!!!**

## GEMEENTEKAMP

# GEMEENTEKAMP

**Die aktiwiteitskommissie beplan *'n gemeentekamp by Mahuto Lodge vanaf 22 tot 25 Sept 2023.***

**Vir besprekings en pryse kyk agter in die portaal!!!**

***Moet nie die geleentheid misloop nie bespreek NOU en voorkom teleurstelling!!!!!!***

**Kom kuier lekker saam met ons. Dit gaan voorwaar 'n gemeentekamp wees om te onthou!!!!!!!**



# GEMEENTEKAMP (VERVOLG)

## Gemeentekamp: Mahuto Lodge 22-25 September 2023

## Program

**Baie welkom by die gemeentekamp. Kom ons geniet 'n heerlike naweek saam.**

**Ons vra elke gesin om hulle eie drinkgoed, glase, ys en snoepgoed te vat vir die naweek.**

**Elke gesin en dagbesoekers moet asb 'n bordjie soet en/of souteetgoed vir Sondagmiddag saamvat.**

### VRYDAG, 22 September

| | |
|---|---|
| 14:00 tot laat | Aankoms |
| 18:00 | Aandete (boereworsrolle) |
| 20:30 | Huisgodsdiens |

### SATERDAG, 23 September

| | |
|---|---|
| 07:00 – 08:00 | Koffie en beskuit |
| 08:30 – 10:00 | Ds Sarel |
| 11:00 – 12:00 | Laat ontbyt |
| 12:00 en res van middag | Visvang, Wildrit, Stap, JEUGPROGRAM |
| 17:30 | Aandete (braai) en saamkuier |
| 20:30 | Huisgodsdiens |


### SONDAG, 24 September

| | |
|---|---|
| 08:00 – 09:00 | Koffie en beskuit |
| 11:00 – 12:00 | Erediens |
| 12:00 – 13:00 | Koek en Tee |
| 16:00 | Laat middagete (potjiekos) |
| Res van die middag en aand | Saamkuier |
| 20:30 | Huisgodsdiens |

### MAANDAG, 24 September

| | |
|---|---|
| 08:00 – 09:00 | Koffie en beskuit |

**Vertrek terug huis toe na 'n heerlike naweek.**


AANDAG ASB !!!!!!
So lyk GK PTG gemeente se bydraes
(Getalle afgerond tot naaste duisend)
0
100 000
200 000
300 000
400 000
500 000
600 000
700 000
800 000
900 000
Maart 2023
124 000
130 000
110 000
Apr-23
106 000
139 000
181 000
Mei 2023
133 000
1
171 000
Junie 2023
115 000
113 000
187 000
Julie 2023
131 000
138 000
208 000
Werklike totaal
610 000
654 000
857 000
Inkomste
Ander (Sluit in Kollektes-, Huur- en Rente ontvang)
Uitgawes

# SILWERDOPPERS

Die Silwerdoppers word herinner aan die uitstappie op Dinsdag 19 September 2023.

Ons gaan lekker saam kuier by die Feesterrein op die Dendron pad. (Oorkant die Sasol Garage op die Dendron pad) ons ontmoet mekaar 10:00 daar.



Bring jou eie mandjie met eetgerei en drinkgoed saam. ONTHOU ook om 'n kampstoel saam te bring.

As jy die geleentheid gaan bywoon skakel asb vir Marina sodat daar voorbereiding gemaak kan word vir almal.

Vir meer inligting skakel vir Marina vd Walt op 072 135 6905.

KOM EN GENIET DIE UITSTAPPIE SAAM MET ONS!!!!!

# KERKRAAD

Per approbasie word die volgende broers aan die gemeente voorgehou as ouderlinge :

*Ouderling:*
Stephan Coetsee; Johan Snyman; Jan Hoogendyk;
Chris Hoogendyk; Flippie Hoogendyk.

**Voorstelle van die gemeente kan ook gemaak word , deur broers en susters te benoem om as ouderling of diaken dienswerk binne die gemeente te doen.**

# EVANGELISASIE (SOUT EN LIG)



## Boodskapper van Vreugde.

**Verhef jou stem met krag.**
**(Jes. 40:9)**



## Moeinie bang wees nie

**Hier is julle God, Hy kom met krag**
**Jes. 40:10**

# EVANGELISASIE (SOUT EN LIG)



**…en kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die tyd. Mat 28:20b**

**Nader die persoon wat die Here op jou pad bring met die**

**vreugde boodskap van verlossing**



**Ken jy iemand wat van die kerk los geraak het?**

**Laat weet ons by die Evangelisasiekommissie oor die persoon en stuur asseblief sy kontakbesonderhede op WhatsApp na Evangelisasie: 083 457 1711**

| | | |
|---|---|---|
| **Preke**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>**Webwerf**<br>www.gereformeerd.co.za | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>E-pos :<br>admin@gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggende na die erediens |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651<br><br>**Orreliste**<br>Marisa Linde<br>083 408 2100 | **Bankbesonderhede**<br>Kerkkas<br><br><br>Diakonie<br><br><br>Geref. Susters Org. Pietersburg | <br><br>ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo.

*Ek bid dat Hy vir julle na die rykdom*
*van sy heerlikheid dít sal skenk:*
*om deur sy Gees met krag*
*na die innerlike mens versterk te*
*word,*

*Efesiërs 3: 16*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS